

Ons het 'n volmaakte Hoëpriester (OP88)

Heb 5:7-10

8 Mei 2022

Die afgelope twee weke het ons begin om te kyk na die Seun as Hoëpriester van ons geloof. Ons het alreeds uit Heb 4:14-15 gesien ons het 'n groot Hoëpriester – Jesus die Seun van God wat reeds in die hemel sit na Hy Sy offer gebring het. Ons het ook alreeds gesien ons het 'n simpatieke Hoëpriester omdat Hy ons swakhede ken, asook die versoekinge wat ons beleef. Laasweek het ons uit Heb 5:1-4 gesien dat daar verskeie vereistes is waaraan 'n hoëpriester moet voldoen: Hy moet 'n mens wees, Hy moet ter wille van mense optree, Hy moet offers vir die mense bring voor God om versoening te bewerk vir hulle sondes, Hy moet deernis hê met hulle swakhede, en Hy moet deur God self geroep wees. Ons het ook laasweek al gesien dat die Seun as Hoëpriester gunstig opweeg teenoor hierdie vereistes, en dat Hy selfs in sekere opsigte uitstyg bo hierdie vereistes. Ons het in besonder gesien in Heb 5:5 dat die Seun deur God self geroep en gesalf is as Hoëpriester tydens Sy doop toe God uit die hemel aangekondig het: “Dit is My geliefde Seun”.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 5:7-10. In hierdie verse gaan die skrywer voort om vir ons te wys dat die Seun voldoen aan die vereistes om as Hoëpriester te kan dien – trouens hy bereik die punt waar hy verklaar dat die Seun volmaak is en die Bron / Bewerker van die ewige saligheid geword het.

Lees weer Heb 5:7-10. In 'n sekere sin is verse 7-10 een argument. Kom ons probeer om die lyn van die argument te verstaan. Die punt waarna die skrywer toe werk, is om te wys die Seun is Hoëpriester – dit is die slotsom wat vers 10 by uitkom: Hy is deur God verklaar as Hoëpriester. (In vers 10 verwys die skrywer weer na die feit dat die Seun Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek, en ek wil maar net weer sê ek beplan om in detail hierna te kyk wanneer ons by Heb 7 kom.) Vers 9b verduidelik dat die feit dat Hy Hoëpriester is, loop hand aan hand met die feit dat Hy die Bron (NAV) / Bewerker (OAV) van die ewige saligheid is. Maar hoekom het God Hom verklaar as Hoëpriester en hoekom kon Hy die Bron van die ewige saligheid word? Vers 9a sê dit het gebeur want Hy het volmaaktheid bereik. Maar hoe het Hy volmaaktheid bereik? Vers 8 sê dit het gebeur deurdat Hy gehoorsaamheid geleer het deur wat Hy gely het. Maar waar het Hy gehoorsaamheid geleer? Vers 7 redeneer dit het gebeur tydens Sy aardse lewe toe Hy hier gely het. Kan ek dit saamvat: Vers 7 beskryf die optrede van die Seun tydens Sy aardse lewe, hierdie optrede het bewys dat Hy geleer het wat gehoorsaamheid is (vers 8), en sodoende het Hy volmaaktheid bereik (vers 9a), en het Hy die Bron van die ewige saligheid geword (vers 9b), en is Hy deur God verklaar as Hoëpriester (vers 10).

Kom ons werk nou sistematies deur die gedeelte om die detail in die argument te verstaan. Ons begin by vers 7. Die vers begin met “gedurende Sy aardse lewe”, letterlik staan daar “in die dae van Sy vlees”. Ons moet dus verstaan dat die skrywer verwys na die periode wat die Seun hier op aarde was – die periode vanaf die krip tot die graf. Deurdat die skrywer daarna verwys as die “dae van Sy vlees”, onderstreep Hy weereens die mensheid van die Seun, en daarmee saam ook die swakheid wat gepaard gaan met menswees. Onthou nou dat die skrywer in vers 2 gewys het dat die hoëpriester in die Ou Testament swak was – juis sodat hy meegevoel kon hê met die mense ter wille van wie hy moes optree. Ja, ons het laasweek gesê hier is 'n verskil tussen die Seun en die OT hoëpriesters – hulle het in swakheid self ook in sonde geval, terwyl die Seun dit nie gedoen het nie. Maar ons moet nie miskyk dat die Seun as mens ook swak was nie – dit is juis hoe Hy ons swakheid leer ken het – deurdat Hy self ook swak was.

Die aangrypende van wat ons lees, is dat Hy gedurende Sy aardse lewe, gebede en smeking aan God geoffer het met harde geroep en trane. Weereens word Sy swakheid onderstreep: In die dae van Sy vlees het Hy gebed en gesmeek – dit dui tog op Sy persoonlike swakheid, dat Hy tot God moes bid en smee. Maar Hy het nie net gebed en gesmeek nie – Hy het dit met harde geroep en met trane gedoen. Hierdie was 'n ernstige worsteling. Hy het as mens terwyl Hy hier op aarde was, geworstel. Hy het met God geworstel. Hy het met God in gebed en met smeking geworstel. Hy het Met God in gebed en smeking geworstel met geroep en met trane. Weereens staan ons voor die misterie van die Seun wat tegelyk God en mens was – en ons kan dit nie ten volle begryp nie.

Maar onthou die argument waarmee die skrywer besig is – Hy wil juis wys die Seun is die Hoëpriester. En omdat hy ook al geredeneer het net 'n mens kan hoëpriester wees – daarom onderstreep Hy hier die mensheid van die Seun.

Wat is dit wat die Seun so ontstel het? Ja, ons verstaan Hy was volkome mens, en dus ook swak soos ons. Ja, ons verstaan selfs dat Hy as mens aan dieselfde versoeking as ons onderwerp was (Heb 4:15). Maar ons weet ook uit Heb 4:15 Hy het nooit gesondig nie. Hy het doodeenvoudig elke keer die versoeking suksesvol weerstaan. Wat is dit dan wat Hom gedryf het daartoe om met gebed en smeking, met harde geroep en trane, God te nader? Vers 7 gee die sleutel as dit sê: “God wat Hom uit die dood kon red”. Wat ons moet raaksien is die volgende: Die Seun het verstaan wat Sy rol is. Hy het geweet wat die Vader van Hom verwag: Die Vader se verwagting was dat Hy as Hoëpriester moet optree en dat Hy versoening moet bewerk vir die sondes van almal wat aan Hom behoort. Maar in die dae van Sy vlees was Hy nou hier op aarde. En Hy was hier as 'n mens. En Hy het die swakhede van die mense gesien en hoe hulle in versoeking swig. En Hy het geweet Hy is die Een wat versoening moet bewerk daarvoor. Hy het geweet die loon van die sonde is die dood. Hy het weet dat alleen Sy dood versoening kon bewerk. En boonop het Hy nou self swakheid – want Hy was 'n mens, soos hulle. Hy het verstaan dat hulle skuld aan Hom toegereken word – en net Hy kon versoening daarvoor bewerk. Net Hy – want Hy is die enigste mens wat nie sondeskuld van Sy eie gehad het nie, maar Hy moes die kumulatiewe sondeskuld van almal wat aan Sy Vader behoort dra – en Hy moes daarvoor versoening gaan bewerk. Hy het verstaan Hy was self volledig mens – met al die swakhede wat daarmee saamgaan – en dit is wat Hom so ontstel het.

Elke keer wat Hy verag is deur die mense wat Hy geleer het of voor wie Hy 'n wonder gedoen het, word hierdie sondeskuld waarvoor Hy versoening moet doen, meer – ja, hulle was sekerlik nie almal geroepenes nie, maar daar was tog ook geroepenes onder hulle. Elke keer wat die dissipels nie Sy lering verstaan het nie, word die sondeskuld meer. Elke keer wat Petrus vol bravade in eie krag probeer optree, word die sondeskuld meer. En die Seun weet – Hy moet die skuld op Hom neem en daarvoor gaan betaal. Dit dryf Hom tot gebed en smeking, met harde uitroepe en trane, na God toe. Dit bereik 'n hoogtepunt aan die einde van Sy lewe op aarde. In Mat 26:38 lees ons dat Hy aan Sy dissipels in Getsemane sê: “Ek voel doodsbenuid. Bly hier en waak saam met My”. Tragies genoeg weet ons wat hulle reaksie was – hulle raak aan die slaap – nog meer skuld wat Hy moet dra in hulle plek. Luk 22:44 sê Sy worsteling was so intens dat Sy sweet soos bloeddruppels geword het. Aan die kruis gaan dit selfs nog verder, as Hy uitroep: “My God, My God, waarom het U My verlaat?”

Wat ons nie moet mis nie, is die volgende: In Heb 5:1 het die skrywer geredeneer 'n hoëpriester is iemand wat uit die mense geneem word en wat ter wille van mense optree om vir hulle by God in te tree met gawes en offers vir die sondes. Sien jy die ooreenkoms met die Seun? Hy het juis mens geword. En nou tree Hy op ter wille van die mense wat aan Hom behoort. En vers 7 sê spesifiek Hy het gebede en smeking “geoffer”. In Heb 5:2 het die skrywer geredeneer 'n hoëpriester moet deernis hê vir die mense namens wie Hy optree – en dit is wat die Seun doen: die sondeskuld van die mense wat aan Hom behoort, gaan nie maar net by Hom verby nie – nee, dit gee aanleiding daartoe

dat Hy met gebed en smeking en met uitroep en trane na God toe gaan. Sien jy dat die skrywer wil hê ons moet verstaan dat in hierdie handeling Hy alreeds Hoëpriesterlik optree?

In vers 7 leer ons dat Hy tot God bid “wat Hom uit die dood kon red”. Daar is twee maniere waarop God die Seun uit die dood sou kon red: (1) Enersyds, sou God Hom kon red as God die fisiese krag het om dit te kan doen. Dit gaan dus oor God se almag – in Sy almag sou Hy die Seun uit die dood kon red. (2) Andersyds, sou God die Seun uit die dood kon red as dit God se wil was om Hom te red. Dit gaan dus oor God se soewereiniteit. God doen tog net wat binne Sy soewereine wil is. Iemand het geskryf dat die Seun sekerlik oortuig moes wees dat God wel die krag gehad het om Hom uit die dood te red, en dat die saak waarmee die Seun geworstel het, dus eerder was of dit binne die soewereine wil van God was om Hom wel te red.

Waarvoor is dit wat die Seun gebed het? Het Hy bloot gebed dat Hy nie fisies hoef te sterf nie? In Sy gebed in Getsemane is dit duidelik dat dit oor meer as net die fisiese dood was waarvoor Hy ontsteld was – in Mat 26:39 bid Hy “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydenskoper by My verbygaan”. Die saak waarmee die Seun worstel, is die lydenskoper. Dit gaan nie oor die fisiese dood soseer nie, maar dit gaan oor God se toorn oor die sonde. Hy moes God se toorn dra op elke sondedaad wat Hy op Homself neem.

Maar dit laat steeds die vraag: Het die Seun dan gebed en gesmeek om gespaar te word van God se toorn oor die sonde? Het Hy dan nie self in Joh 10:18 gesê nie: “Niemand neem My lewe van My af nie, maar Ek lê dit uit My eie af.” – Hy het tog geweet wat die doel met Sy menswording was. Fil 2:8 sê tog duidelik dat Hy gehoorsaam was tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Bedoel die Hebreërskrywer dat Hy met trane en uitroep gesmeek het om nie die dood aan die kruis hoef deur te gaan nie? Is dit waarvoor Hy in Getsemane gebed het?

Voor ons dit antwoord, let eers op hoe vers 7 afsluit: “En sy gebede is verhoor vanweë Sy eerbiedige onderworpenheid aan God” (NAV). Die OAV is baie nader aan die oorspronklike teks: “Hy is verhoor uit die ang”. Al twee vertalings sê dat die Seun se gebed verhoor is.

- Die OAV sê egter Hy is verhoor “uit die ang”, bedoelende Hy is verhoor en dus verlos uit die ang waarin Hy was. Calvyn het hierdie vers so verstaan, en dat die ang waarvan hier gepraat word die ang was wat die Seun gehad het siende dat Hy God se toorn moet gaan dra. Ons sien dit byvoorbeeld in Ps 22 (wat weereens ‘n Messiaanse psalm is - kyk net hoe begin Ps 22:2 – “My God, My God, waarom het U My verlaat?”). Lees Ps 22:15-21. Dit is ‘n beskrywing van die Seun se worsteling met die intense realiteit om God se toorn oor die sonde te moet dra. En Sy gebed is dat die Here Hom tog gou moet help. Sy gebed is dus nie soseer dat God Hom uit die situasie moet verlos nie, maar eerder dat God Hom moet dra in die situasie, dat God hom krag moet gee om daardeur te gaan. Ons sien dieselfde in die Seun se gebed in Getsemane as Hy bid: “Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil”. Hy bid nie dat Hy ten alle koste gespaar moet word van die situasie nie, nee, as dit God se wil is dat Hy die lydenskoper moet drink, dan sal Hy, maar dan het Hy hulp nodig in die ang. In Luk 22:43 lees ons ‘n engel het gekom en Hom versterk. Ons lees hoe Hy na Sy worsteling opstaan en Homself gewillig oorgegee het aan die mense wat Hom kom gevange neem het. Sy gebed is dus verhoor – Hy is verlos uit Sy ang vir God se toorn en gaan dit tegemoet.
- Die NAV (en verskeie ander vertalings) het geïnterpreteer dat die ang waarvan hier gepraat word die Seun se vrees was vir Sy Vader, Sy respek vir die Vader se wil. Die verhoring van Sy gebed het voortgespruit uit die feit dat Hy vrees vir Sy Vader gehad het, en dat die Vader weens hierdie respek Sy gebed verhoor het. As ons lees dat Hy tot God gebed het wat Hom kon red uit die dood, en dat Sy gebed gehoor is, moet ons daaronder verstaan dat Sy gebed

nie verhoor is in die sin dat Hy nie gesterf het nie, maar wel in die sin dat God Hom nie in die dood gelos het nie, maar wel vanuit die dood gered het, of soos wat Heb 13:20 dit stel: Hy het Hom uit die dood teruggebring.

In 'n sekere sin kom beide interpretasies op dieselfde neer: Die Seun was diep bewus van God se toorn oor die sondeskuld van die mense. Hy het dit intens beleef omdat Hy self ook mens was, en dus diep bewus was van Sy eie swakheid as mens. Daarom het Hy gebid en gesmeek met harde uitroepe en trane. Hy het gebid en gesmeek dat wanneer Hy God se toorn oor hierdie sonde moet dra, dat Hy dan die krag sal ontvang om dit te kan doen en ook dat God Hom dan weer uit die dood moet terugbring. En God het Sy gebed verhoor: Hy het Hom die krag gegee – soveel so dat Hy kon opstaan en die lydensbeker gaan drink het, en God het Hom ook eventueel uit die dood teruggebring.

Dit bring ons by vers 8: “Alhoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is.” Dink vir 'n oomblik terug aan daardie heerlike waarhede waarvan ons geleer het in Heb 1:1-3 oor die Seun: In die laaste dae het God deur die Seun gepraat, Hy is die Een deur wie God alles geskep het, Hy is die Een wat alles in stand hou, Hy is die Erfgenaam van alles, uit Hom straal die heerlijkheid van God, Hy is die ewebeeld van die wese van God, Hy het reiniging van sondes bewerk en sit aan die regterhand van God in majesteit. Vergelyk dit nou met vers 7: Die Seun biddend en smekend met uitroepe en trane in angs. Hoe rym die twee beskrywings van die Seun met mekaar? Vers 8 redeneer: Alhoewel Hy die Seun was – en dus: alhoewel al daardie heerlike beskrywings van Hom in Heb 1 waar is, moes Hy deur lyding gaan – dit is die lyding waarvan vers 7 praat, met 'n spesifieke doel: sodat Hy kon leer wat gehoorsaamheid is.

Voor Sy menswording, was die Seun God. Hy was in beheer oor die skepping, trouens Hy het alles geskep. Die ganse skepping moes aan Hom gehoorsaam wees. Maar hulle was nie. In God se wysheid het God egter reeds 'n verlossingsplan beplan – alreeds voor die skepping. Volgens daardie verlossingsplan sou die Seun die Hoëpriester wees wat versoening kom bewerk vir die wat aan God behoort. Maar om Hoëpriester te kon wees, moes Hy mens word. Daarom het Hy deur die vernedering gegaan om mens te word. As Hoëpriester moes Hy deernis hê met die mense, daarom was Hy as mens ook swak, soos hulle, daarom is Hy ook versoek soos hulle. As Hoëpriester moes Hy ter wille van hulle optree deur 'n offer te bring vir hulle sonde. Dit is hierdie realiteit wat swaar op Hom gedruk het toe Hy mens was – soveel so dat Hy gebid en gesmeek het met trane en uitroepe. Maar God het Hom verhoor, en die Seun het getrou gebly aan Sy Vader se roeping. Hy het steeds verklaar “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om Sy werk te voltooi” (Joh 4:34). Hy het dus tydens die dae van Sy vlees hier op aarde toe Hy verneder was en mens geword het, gewys en gedemonstreer dat Hy gehoorsaam is aan die wil van Sy Vader – selfs tot in die dood toe. Ja, Hy het geworstel met die erns van Sy rol en die ontsaglike eise wat dit aan Hom stel – maar toe die worsteling kom, het Hy juis na Sy Vader gegaan met gebed en smeking en trane en uitroepe – maar Hy was steeds gehoorsaam. Dit beteken nie dat Hy vantevore nie gehoorsaam was, of dat Hy voor Sy menswording rebels was nie. Wat dit wel beteken, is dat Hy toe Hy mens geword het, bereid was om ter wille van die mense op te tree – soos wat van 'n Hoëpriester verwag word om te doen. En Hy het juis voor God geworstel oor die gevolge van hulle sondes – soos wat van 'n Hoëpriester verwag word om te doen. En dit is die punt van vers 8: Alhoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het in die praktyk geleer wat gehoorsaamheid is deurdat Hy gehoorsaamheid gedemonstreer het.

Dit bring ons by vers 9. Lees vers 9. Vers 9 leer dit alles het twee gevolge teweeg gebring: Die Seun het volmaaktheid bereik, en die Seun het die Bron van ewige saligheid geword.

Ons besin eers oor “Die Seun het volmaaktheid bereik”. Natuurlik beteken dit weereens nie dat die Seun voor Sy menswording nie volmaak was nie. Immers, hoe sou dit moontlik wees dat God deur Hom alles kon skep, as Hy nie volmaak was nie? Hoe kon Hy die ewebeeld van die wese van God wees, as Hy nog nie volmaak was nie? Onthou verder, die konteks verduidelik dat Hy tydens Sy dae in die vlees volmaaktheid bereik het. Dit was in die dae van Sy vlees, toe Hy daardie intense lyding beleef het, toe Hy geleer het om gehoorsaam te wees, dat Hy volmaaktheid bereik het. As ons lees van “volmaaktheid”, moet ons daaronder verstaan Hy het “volledig” geword, Hy het “perfek” geword. Die NIV en ESV vertaal dit met “perfect”. Dit kan ook vertaal word met “complete”. Die konteks gaan verder en vers 10 voeg by dit was toe Hy volmaaktheid bereik het dat God Hom as Hoëpriester verklaar het. Ons moet dus die gevolgtrekking maak dat wat hier bedoel word, is dat Hy in die dae van Sy vlees tydens die lyding wat daarmee gepaardgegaan het, en die feit dat Hy steeds gehoorsaam was aan die wil van Sy Vader – dit het tot gevolg gehad dat Hy volmaak, perfek, volledig voldoen het aan God se vereistes as Hoëpriester.

Dit was immers in die dae van Sy vlees, dat Hy mens geword het – ‘n voorvereiste om Hoëpriester te mag wees. Dit was in die dae van Sy vlees dat Hy ter wille van die mense wat aan Hom behoort hulle sondeskuld op Hom geneem het – ‘n voorvereiste om Hoëpriester te kan wees. Dit was in die dae van Sy vlees dat Hy gebede en smekinge voor God geoffer het – ‘n voorvereiste om Hoëpriester te kan wees. Dit was in die dae van Sy vlees dat Hy deernis gehad het met die mense wat aan Hom behoort het – ‘n voorvereiste om Hoëpriester te kan wees. Dit was in die dae van Sy vlees dat Hy deur God self aangestel en gesalf is as Hoëpriester tydens Sy doop – ‘n voorvereiste om Hoëpriester te kan wees. Dit was in die dae van Sy vlees dat Hy ten spyte van Sy swakheid as mens gehoorsaam was aan God se wil en dus self geen sonde gedoen het nie – wat Hom in besonder laat kwalifiseer het as Hoëpriester, siende dat Hy nie eens nodig gehad het om vir Sy eie sondes versoening te doen nie.

Dit was toe die Seun mens geword het en Hy deur lyding heen gehoorsaam was, dat Hy volledig / volmaak voldoen het aan al die vereistes om Hoëpriester te kon wees – en daarom het God toe verklaar Hy is Hoëpriester.

Boonop het die feit dat die Seun volmaak Hoëpriester geword het, ook tot gevolg gehad dat Hy die Bron kan wees van die ewige saligheid. Die OAV vertaal dit met: Hy het die Bewerker geword van die ewige saligheid. Dit is tog net eenvoudig so dat sonder die werk van die Seun as Hoëpriester is daar geen versoening tussen God en die mense moontlik nie, en is daar geen saligheid moontlik nie. Dit is juis deur die werk van die Hoëpriester dat daar versoening is wat as Bron kan dien vir saligheid. Dit is die werk van die Hoëpriester wat dit laat realiseer – en daarom is Hy die Bewerker van die saligheid. Dit is boonop nie net ‘n saligheid nie, maar ‘n ewige saligheid. Jy sien, ons as mense is ewige wesens in die sin dat ons vir ewig bestaan. Die saligheid wat die Seun bewerk het, is nie maar ‘n tydelike saligheid nie – maar ‘n ewige saligheid. Die rede waarom dit moontlik is dat Hy die ewige saligheid kan bewerk, is omdat Hy die volmaakte Hoëpriester is, wat die volmaakte offer gebring het, eens en vir altyd, voldoende vir al ons skuld.

Vergelyk die feit dat Hy hier beskryf word as die Bewerker van ons saligheid, met Heb 2:10 wat Hom beskryf het as ons Leidsman tot die verlossing/saligheid. Altwee is natuurlik waar: Nie net is Hy die Een wat as Hoëpriester die volmaakte offer gebring het wat as bron kan dien vir ons saligheid nie, maar Hy is ook die Een wat as ons verteenwoordiger, as ons Leidsman, voorgeloop het om dit alles te bewerk. Hy is die Leidsman en die Bewerker van ons saligheid.

Maar let ook op: hierdie ewige saligheid is nie vir alle mense nie – dit is bloot vir die wat aan Hom gehoorsaam is. Die Seun is nie die volmaakte Hoëpriester vir almal nie – net vir die wat hulle

vertroue in Hom stel, en hulle daarna daarop toelê om Hom te volg in absolute gehoorsaamheid, net vir die wat volhard tot die einde toe. Trouens, vanaf vers 11 volg die skrywer hierdie heerlike lering van 'n volmaakte Hoëpriester en die gevolglike ewige saligheid op met 'n ernstige waarskuwing aan Sy lesers: Waarom is julle dan so traag? As die Here wil, kyk ons volgende week daarna.

Opsomming:

Ek hoop dit is duidelik hoe bevoorreg ons is: Ons het 'n volmaakte Hoëpriester. Hy is 'n mens. Hy het ter wille van ons opgetree. Hy het deernis met ons – omdat Hy self ook swak was soos ons. Maar genadiglik het Hy nie gesondig nie. I.p.v. om te sondig in swakheid, het Hy gebede en smeking aan God geoffer tesame met trane en uitroepe. Diep onder die indruk dat alleen Hy versoening vir ons sondes kon bewerk, het Hy met God geworstel om Hom te ondersteun sodat Hy God se toorn oor die sonde kan hanteer, en dat God Hom nie in die dood moet los nie. In hierdie worsteling was Hy egter nooit ongehoorsaam nie. Trouens deur Sy gehoorsaamheid het Hy volmaaktheid bereik om as Hoëpriester te kon optree. En toe Hy as Hoëpriester opgetree het, het God het Hom inderdaad nie gespaar van Sy toorn nie, maar Hom wel gedra tot op die punt waar Hy God se toorn in al Sy felheid gedra het, en daarna het God Hom uit die dood terug gebring. En so het Hy die Bron van ewige saligheid geword.

Verstaan jy hoe bevoorreg ons is? As Hy as perfekte mens teruggedeins het by die besef dat Hy God se toorn oor ons sondeskuld moet dra – soveel so dat Hy met trane en uitroepe by God gebed en gesmeek het, soveel so dat Sy sweet selfs bloeddruppels geword het, kan jy jou indink wat hoe benard ons situasie sou wees as Hy dit nie in jou en my plek gedoen het nie, as jy en ek dit self moes hanteer het? Omdat ons nie sonder sonde is soos Hy was nie, was ons dan ook sonder hoop om dit te oorleef. Dan sou ons alleen maar kon verwag om vir ewig in die vuurpoel van God se toorn te eindig. Selfs in die paradys kon Adam en Eva nie staande bly sonder 'n Hoëpriester nie – die enigste rede hoekom God hulle nie vernietig het nie, was omdat Hy beloof het om 'n Hoëpriester te stuur.

Maar ons as gelowiges het daardie beloofde Hoëpriester! Hy is die volmaakte Hoëpriester! Hy is die deur God gesalfde Hoëpriester! Hy is die simpatieke Hoëpriester wat ons, ons swakhede en ons versoeking ken! Hy is die groot Hoëpriester – Jesus, die Seun van God! I.p.v. om met trane en uitroepe in benoudheid te wag op God se oordeel oor ons, kan ons met vrymoedigheid na Sy genadetroon gaan en pleit vir barmhartigheid en genade. Ons het 'n volmaakte Hoëpriester, wat reeds deur die hemele gegaan het as die Leidsman van ons verlossing en wat in die proses ook die Bewerker geword het van ons ewige saligheid. Laat ons daarom styf vashou aan die geloof in Hom wat ons bely.